

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen tradisiegodsdien en 'n lewende godsdien volgens die Woord van God. Tradisie godsdien is godsdien volgens mensewoorde en 'n lewende godsdien is 'n godsdien deur en volgens die Woord van God. In die moderne Christelikheid van vandag draai hulle dit om. Hulle noem wat die Woord van God as tradisie godsdien uit wys, 'n lewende godsdien en wat die Woord van God openbaar as 'n lewende godsdien noem hulle tradisiegodsdien. Tradisiegodsdien maak hulle opgewonde en vrolik terwyl lewende godsdien vir hulle dood voel.

Skriflesing: Kol. 2:16-23; 1 Tess. 1:2,3;2:13

Teks: 1 Tess. 2:13: *“Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle gehoor het, ontvang het en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die Woord van God.”*

Tema: Die Evangelie verbind ons vas in die geloof en liefde aan die Here

1. Tradisiegodsdien of lewende godsdien!

Dit is blykbaar die groot teenstelling en die groot keuse waarvoor ons elke dag sou staan. Die oproep wat elke dag na ons kom, is dat ons nie tradisiegodsdien mag hê nie. Dit sou die grootste sonde vir al die gelowiges wees. Die oproep is dat ons 'n lewende godsdien moet hê.

Wanneer ons dan aan hierdie groot sonde van tradisiegodsdien getoets word, is die toets wat jy moet deurkom dat jy nie uit gewoonte mag bid nie, nie uit gewoonte na die Woord van God moet luister nie, nie uit gewoonte moet erediens toe gaan nie en ook nie uit gewoonte moet Bybellees nie.

Sou jy die gewoonte hê om so te leef, dan moet jy jouself herken en sien as 'n tradisie-Christen. En dan moet jy oor jouself die oordeel aanvaar en oor jouself uitspreek dat jy al hierdie dinge NET uit gewoonte doen.

Of nog erger! Dan moet jy weet dat jy nie die Heilige Gees van die Here ontvang het nie. Want jy sou dan net 'n tradisie-Christen wees, terwyl die Heilige Gees die gees van lewe en opwinding sou wees.

2 Wie beskuldig ons só?

Die teenstrydigheid is dat ons uit twee heeltemal verskillende groepe van presies dieselfde saak beskuldig word.

Goddeloses beskuldig ons só!

Hulle wat God glad nie aanbid, geen eer aan Hom betoon, Hom glad nie dien nie en ook geen vaste gewoonte het om dit te doen nie, rig hierdie beskuldiging aan ons: wanneer óns God aanbid, eer en dien in 'n vaste gewoonte, dan sou alles wat ons vir God doen, nét uit gewoonte wees en sou ons dit nét as tradisie doen. Ons

aanbidding, lof, dank en eer is volgens hulle oneg en nét uit gewoonte. Net omdat ons van kleins af so grootgeword het om dit te doen.

Mense in die afgodsdien van die Pinkster- en Charismatiese geestelikheid beskuldig ons ook op hierdie wyse. Al hulle verering van God binne hulle geestelikheid sou lewend en uit die krag van die Heilige Gees wees. Maar al ons aanbidding, eer, lof en dank vir God, sou nét uit gewoonte wees.

3. Kom ons kyk wat sê die Woord van God is tradisiegodsdien, en wat is lewende godsdien.

In hierdie saak mag ons mos na die Bybel gaan en vra hoe maak die Bybel hierdie onderskeid, en hoe werk hierdie tipe onderskeid volgens die Woord van God!

Twee gedeeltes wat hierdie kontras tussen tradisiegodsdien en die lewende godsdien deur die Heilige Gees baie duidelik uitwys, en ook eintlik teenoor mekaar stel, is Kolossense 2:16-23 en 1 Tessalonisense 2:13.

In Kolossense is Paulus besig om dit wat ons ken as tradisiegodsdien uit te wys, en teenoor die geloof in en gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus as die lewende godsdien, te stel. Hy noem tradisiegodsdien in Kol 2:23 “selfgemaakte godsdien” of “eiesinnige godsdien.”

4. Die werklike kontras waarom die saak wat ons hoor as tradisionele of lewende godsdien gaan, word in 1 Tess. 2:13 aan die orde gestel as die kontras van “mensewoorde” teenoor die “Woord van God”.

’n Godsdien wat volgens “mensewoorde” beoefen word, is volgens die Woord van God tradisionele godsdien. Want dit is maar net mooi niks anders as die gewoonte van mense nie, en het eintlik niks met God en sy Woord te doen nie. Dit is wanneer ’n mens God aanbid soos mense sê jy God moet aanbid, terwyl God in sy Woord eintlik glad nie so sê nie.

’n Lewende godsdien is die geloof en liefde wat God in ons harte deur sy Woord skep.

Ons het dit in die Evangelielesing saam gehoor uit Gal. 3:5. Die Heilige Gees werk kragtig in gelowiges en rus hulle toe deur die evangelie. Wanneer die Heilige Gees jou deur die evangelie toerus en kragtig in jou werk, dan is jy deel van die lewende godsdien wat in ons gewek word deur die Heilige Gees.

Die “*boodskap soos julle dit gehoor en aangeneem het*” in 1 Tessalonisense 2:13 is die evangelie van en oor Jesus Christus. Die evangelie is die Woord van God waardeur die Heilige Gees kragtig werk en ons toerus tot diens aan God.

5. Hoe werk die Heilige Gees kragtig onder ons en rus ons tot diens aan God toe?

Deur die boodskap van die evangelie, wat God se Woord is, skep Hy volgens 1 Tessalonisense 1:3 geloof, hoop en liefde. Met hierdie drie woorde som Paulus die volle werking van die Heilige Gees deur die evangelie in gelowiges op. Hierdie

geloof, hoop en liefde in die gelowiges beskryf Paulus dan ook, direk nadat hy dit so opgesom het, weer as: *“die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde na julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging.”* 1 Tess. 1:5.

Die Heilige Gees skep in ons geloof in God se liefde deur Christus se lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as die heilswerke waardeur Hy in ons plek ons sonde dra en ons vir God se liefde heilig en regverdig maak.

Die Heilige Gees skep in ons 'n nuwe liefde vir God in en deur die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van Jesus Christus, waarin ons weet dat ons gebroke en halwe liefde vir God volgens sy wet, vir God in Christus volkome is. Dit is geheiligde en geregverdigde liefde vir God!

Die Heilige Gees skep ook in ons harte en verstand die vaste hoop dat hierdie liefde nooit sal ophou nie. Nie in hierdie lewe nie, en ook die dood kan ons nie weer uit hierdie liefde wegruk nie, omdat ons in en deur die opstanding van die Here as mens uit die dood, ook self uit die dood as mense deur hom opgewek sal word in 'nuwe skepping.

6. Uit hierdie vaste geloof in die liefde wat God vir ons in Jesus Christus het, doen ons elke dag en die hele tyd goeie werke. Daarom noem Paulus dit *“die werk van julle geloof”*. Ons dien God aanhoudend uit hierdie vaste geloof in sy liefde.

Uit hierdie vaste liefde wat God in ons skep, hou ons aanhoudend aan om God te dien en hou ons nooit op om teen sonde te stry nie. Daarom noem Paulus dit *“die inspanning van julle liefde”*.

Uit hierdie vaste hoop op 'n liefde wat nooit sal ophou tussen ons en God nie, volhard ons in en deur alles wat met ons gebeur, in ons geloof in sy liefde en ons liefde wat Hy in ons wek en heilig. Daarom noem Paulus dit *“die volharding van julle hoop”*.

7. Hoekom is ons in 'n vaste roetine, in vaste gewoontes om God te dien, te eer en te gehoorsaam?

Dit is omdat ons deur God se Woord, die evangelie van en oor Jesus Christus, vasgebind is in die geloof, liefde en hoop wat die Heilige Gees elke dag in ons skep.

Die geloof, liefde en hoop wat die Heilige Gees in ons harte en verstand skep, bind ons aan vaste roetines en vaste gewoontes om vir God te werk, ons vir God in te span en in ons diens, eer, lof en aanbidding aan God te volhard.

En dit is die lewende godsdiens deur die Heilige Gees, deur God se Woord! Dit is die wyse waarop die Heilige Gees ons toerus en kragtig onder ons werk tot goeie werk, die inspanning in liefde en die volharding in diens – deur die boodskap van en oor Jesus Christus. God se Woord!

8. Wat is tradisie-godsdiens volgens die Woord van God?

Tradisiegodsdien volgens die Bybel is 'n geestelikheid van “mensewoorde”. Geestelike boodskappe, geestelike ervarings en geestelike reëls wat geen boodskap van God, geen gemeenskap met God en ook glad nie God se reëls is nie, maar tog voorgehou word in die Naam van God.

Die eerste soort geestelikheid van “mensewoorde” wys Paulus uit in Galasiërs 3:5 as mensewoorde waardeur God nie kragtig werk nie en gelowiges nie meer toerus in hulle diens aan God nie.

Paulus vra die gemeentes in Turkye of die Heilige Gees kragtig onder hulle werk en hulle toerus, deur óf die wet van God, óf die evangelie. Dit is 'n óf – óf vraag.

Die antwoord is die Heilige Gees werk kragtig en rus gelowiges toe met geloof, hoop en liefde, net deur die boodskap oor Jesus Christus, sonder die Tien Gebooie. Daarom rus die Gees hulle ook net toe deur hulle geloof in Christus sonder enige vroomheid volgens die wet van God. Dit is God se Woord.

Tradisiegodsdien is godsdien volgens mensewoorde, in stryd met die Woord van God, maar met die voorwendsel dat dit God se Woord is.

Tradisiegodsdien draai God se Woord om en maak dit die woorde van mense. In die saak van Galasiërs beteken dit dat die boodskap verkondig word dat 'n mens die krag van die Heilige Gees ontvang en deur die Heilige Gees toegerus word om waarlik lief te hê en God te dien, deurdat 'n mens tot 'n volle oorgawe aan God kom, deur jouself volkome aan die Here oor te gee en deur God die volle beheer van jou lewe te gee.

Wat is dit?

Dit is presies die teenoorgestelde as die evangelie, die Woord van God. In die evangelie werk die Gees die volle geloof, hoop en liefde alleen deur die evangelie en ons geloof in die evangelie – sonder enige volle oorgawe, totale oorgawe of weggee van die beheer van jou lewe aan God.

Hierdie is die daad van die wet waar God eis dat jy God met jou hele, hart, jou hele siel en verstand en al jou krag sal liefhê en dien.

God se Woord, die evangelie, sê nét deur Christus, sónder hierdie algehele liefde of diens met alle krag, skeep die Gees geloof, hoop en liefde in ons!

Tradisiegodsdien is die geestelikheid van mensewoorde: hulle draai die Woord van God om en verkondig dat jy die krag van die Heilige Gees sal ontvang en Hy jou tot liefde sal bring alleen deur jou volle en totale oorgawe.

Wie hierdie geestelikheid van volle oorgawe en totale beheer prysgee verkondig, verkondig tradisiegodsdien. Want hierdie boodskap en geestelikheid is die boodskap en geestelikheid van mensewoorde, nie van die Woord van God nie.

9. Wat is tradisiegodsdien volgens die Woord van God?

Dit is die opwinding van geestelike visioene van mense (Kol.2:17) in die plek van die Woord van God: die evangelie van die lyding en opstanding van Jesus Christus.

Mense hoor in al hulle sondige begeertes die “stem” van God, ervaar hulle begeertes as die visie en missie van God. Goddeloses in hulle afgodsdienste droom nou saam met God sý droom en kry bevrediging vir alles wat hulle begeer in God se drome wat hulle “saam droom.”

So word hulle begeertes die openbaring van God se Woord vir gelowiges en moet gelowiges hulleself uitlewer en onderwerp aan hierdie visioene, drome, visies en missies asof dit die openbaring van God in sy Woord is.

Wat is dit?

Dit is tradisiegodsdienste. 'n Geestelikheid van mensewoorde asof dit die Woord van God is. Dit is mensewoorde wat die verkondiging van God en die openbaring van God in die heilswerke en heilsweldade van Christus, vervang.

10. Wat is tradisiegodsdienste?

Dit is die sensasie en opwinding van nuwe geestelike reëls in die plek van die Tien Gebooie!

Paulus noem hierdie nuwe geestelike reëls wat mense uitdink in die plek van die Tien Gebooie asof hulle deur hierdie geestelike reëls God beter kan liefhê, dien, eer en aanbid, *“die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld”*.

Hierdie tradisiegodsdienste hoor ons al meer as die ware geestelikheid van die Christelike kerk: mense is nie meer by die reëls van die Wet van God as hulle mense en God liefhet nie, en die Wet van God verdwyn uit eredienste omdat dit vervang word met al die geestelike riglyne wat liefde beter sou verduidelik as die Wet van God.

Maar dit is maar net gebooie en leerstellings van mense. Die Wet is die gebod waaraan die liefde van God ons liefde vasbind! Dit is die vastheid van God se Woord.

11. Wat is tradisiegodsdienste?

Dit is die geestelikheid van seremonies! Paulus stel in Kol. 2 dat alle seremoniële godsdienste vervang is deur die heilswerk en heilsweldade van Christus.

Christene beoefen nie seremoniële godsdienste nie, want alles wat in seremonies net 'n skaduwee van die werklikheid van Christus se werke en heilsweldade was, is nou elke dag deur die evangelie 'n volle werklikheid in ons lewe.

Tradisiegodsdienste is die geestelikheid van kerse, wierook, klokke en rokke!

In hierdie seremonies wil geestelikes die werk van Christus en die Heilige Gees uitbeeld sodat dit “meer werklik” kan wees as wat Christus dit deur die Woord van

God laat wees. Volgens hierdie dwaasheid werk God nie net meer deur sy Woord, die evangelie nie, maar deur die Woord én die seremonies.

Daarom moet kerse opgesteek word, houtkruis opgerig word, gekleurde gewade gedra word, as en olie op die kop gevryf word en seremoniële bewegings in die eredienste uitgevoer word.

Dit is tradisiegodsdien!

Maar die ergste seremonie word Christus self: sy lyding en opstanding word net die eerste seremonie wat met waterseremonies herhaal en uitgebeeld moet word. Sy lyding en opstanding word net seremonies wat mense wys om die ware ervaringsbetekenis van hierdie seremonie van Jesus te vind in hulle selfkruisiging, hulle selfoorgawe, hulle selfopoffering en hulle selfdoding.

12. Broers en susters, wat sien u?

Wat sien u wanneer u na dit wat mense tradisie en lewende godsdien noem, kyk en dit vergelyk met wat die Bybel tradisie en lewende godsdien noem?!

Die Woord van God bind ons vas in geloof, hoop en liefde en daardeur in die vaste gewoonte om God te dien, te eer en te aanbid!

Die goddelike visioene, godsdiens, visies en missies van mense maak mense los van hierdie vaste geloof en liefde, en maak hulle los om in elke selfgemaakte beeld, reël en boodskap, hulle eie begeertes in die Naam van God uit te leef. Dit maak hulle los van die vaste gewoonte van eer, diens en aanbidding van God volgens sy Woord en skep 'n geestelikheid wat net werk wanneer en waarvoor hulle geestelik lus kry.

Dit is presies die teenoorgestelde!

Wat die Bybel God se Woord noem, die evangelie van Jesus Christus, maak hulle mensewoorde in seremonies, nuwe reëls en die wet as die krag van die Gees.

Wat hulle God se Woord noem, hulle seremonies, nuwe geestelike reëls en die wet as krag van die Gees, noem die Bybel mensewoorde.

Wat hulle tradisiegodsdien noem, noem die Woord van God die godsdien van geloof, hoop en liefde, van die krag van die Gees.

Wat hulle die opwindende en lewende geestelikheid noem, is volgens die Bybel, tradisiegodsdien, selfgemaakte en eiesinnige godsdien.

13. Ons mag nie deur hierdie valse geestelikheid onself stroop van die geloof, hoop en liefde en die vaste roetine en vaste gewoontes wat die Heilige Gees in ons skep om God te eer, te loof, te dank en te aanbid nie.

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig!

Een van die jongmans in die gemeente het eenkeer vir my vertel hoe verwonderd hy oor sy pasgebore kindjie was. Hy vertel dat wanneer hy laat in die aand op die trekker moet sit en ploeg en hy dink net aan daardie kindjie, dan ploeg hy deurnag in wind en reën.

Volgens die inhoud van ons preek beteken dit die geloof in sy kind se liefde, sy liefde vir sy kind en die hoop dat hulle in hierdie liefde sal leef, maak dat hy dag en nag werk. Hy doen die sleurwerk van op en af ry in die lande, en leef in die vaste roetine en gewoonte om dag vir dag dieselfde werk oor en oor te doen en so vir hierdie kindjie 'n toekoms en voorspoed te kan skep.

Dalk sou sy buurman nou met minagting na hom kyk en die uitspraak maak dat hierdie harde werk en toewyding maar nét uit gewoonte is, dit is maar hoe hierdie familie is en hoe hy grootgeword het. Dit is maar nét hulle gewoonte!

Wat sê hierdie buurman?

Hy ontsê sy buurman die geloof, liefde en hoop waaruit hy werk, homself inspan en volhard, in die minagting daarvan. Hy is blind vir hierdie geloof, hoop en liefde en die werking daarvan. Hyself ken dit nie!

Is hierdie mense blind wat ons so beskuldig van tradisiegodsdienste net omdat ons in die vaste gewoonte is om vir God te werk, ons vir Hom in te span en in sy dienste te volhard?

Hulle is! Hierdie oordeel wat in minagting oor ons gevel word, sien nie, en kan nie die geloof, hoop en liefde sien, waarin ons in die vaste gewoonte en roetine is om God te dien nie.

Moet ons hierdie vaste gewoonte om God uit die vaste geloof, liefde en hoop wat Hy in ons wek, te dien, uitlos? Vir wat?

Vir sensasie met God? Vir opwinding met God wanneer en hoe ons lus is vir God?

Met wat? Menslike visioene, drome, visies en missies! Menslike reëls en menslike seremonies? Dit is niks anders as afgodsdienste sonder die geloof, liefde en hoop van die Heilige Gees nie!

Kom ons dien God in die vaste ritme en gewoonte van daaglikse, weeklikse en jaarlikse aanbidding, eer, lof en dank uit die vaste geloof, liefde en hoop wat die Heilige Gees in ons werk. Dieselfde Heilige Gees wat sy skepping in die vaste ritme van roetine van miljoene en biljoene jare se herhalende en roterende vaste beweging bestuur!

Ons vaste gewoonte om God te dien, is die lewende godsdienst geskep deur die Heilige Gees.